
SAHARA-AVONTUUR REEKS
No. 37
Die Swaard van Verwoesting
Meiring Fouché

# INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Die Swaard van Doetra | 3 |
| 2. | Vier Besoekers | 10 |
| 3. | Verwelkoming in die Kraterstad | 19 |
| 4. | Bloed vir die Dooie | 29 |
| 5. | In die Kerker | 38 |
| 6. | Die Offerande | 46 |
| 7. | Konsternasie | 55 |
| 8. | Mademoiselle Lola bad | 64 |
| 9. | Die Oomblik Breek aan | 73 |
| 10. | Oproer in die Nag | 83 |


Hoofstuk 1

## DIE SWAARD VAN DOETRA

Kolonel Pons kom die kantoor so vinnig binne en sy gesig is so haelwit dat generaal Zelle opkyk van sy lessenaar af. Dit is 'n groot en weelderige kantoor van die Franse Ministerie van Oorlog in Parys. Generaal Zelle is net besig met die oggend se pos want dit is nog vroeg.

Kolonel Pons salueer vinnig en styf.

,,Ja, Pons,'' vra Zelle want hy is 'n befaamde man en daarby baie kortaf en stuurs. ,,Waarom lyk jy asof jy nou net aan die valbyl ontsnap het?''

,,Mon general,'' sê Pons en hy praat ook oorhaastig met sy hoë stem. ,,Daar is 'n saak van die uiterste belang wat ek met u moet bespreek.''

Generaal Zelle sit agteroor en betrag sy onderhorige half venynig. ,,Wat is nou so dringend, Pons. Wil jy vir my sê daar is vrede in Algerië of het iemand die Franse Vreemdelegioen uitgedelg?'' Daar is 'n kille sarkasme in die woorde van generaal Zelle.

,,Mon general,'' sê Pons, ,,dit is nie dit nie.''

,,Nou wat is dit, Pons? Wat is dit, man? Het iemand die Franse Republiek aangeval?''

,,Dit het te doen met die Swaard van Doetra, mon general.''

Nou korswel Zelle nie meer nie. Sy liggaam verstyf en hy sit oombliklik regop.

,,Die Swaard van Doetra? Wat is dit van die Sabel van Doetra?'' roep hy uit.

,,Dit het verdwyn, mon general.'' Daar kon net sowel 'n bliksemstraal in die kantoor neergeslaan het. Generaal Zelle is oombliklik op sy voete. Hy slaan 'n harde hou met sy vuis op die lessenaar. ,,Jy is van jou sinne af, Pons. Hoe kon die Sabel van Doetra verdwyn het?''

,,Dit is tog so, mon general. Ek het so pas tot die ontstellende ontdekking gekom''

,,Wanneer?'' skreeu Zelle.

,,Dit moes nou kort gelede gewees het, mon general. Ek het nog eergister die brandkluis ondersoek waar die Sabel gehou word. Nou is dit weg. Die brandkluis is oopgebreek.''

,,Mon Dieu,'' roep Zelle uit. Toe raap hy sy pet en sy staf op en hy storm by die kantoor uit met kolonel Pons agter hom aan. Zelle drafstap in die gang af en toe swaai hy in by die deel van die gebou waar al die Franse oorlogsgedenkwaardighede gehou word: belangrike dokumente, sekere wapens—en veral die Sabel van Doetra.

Pons is op sy hakke en toe Zelle verbysterd voor die sterk brandkluis vassteek waar die Sabel van Doetra so lank bewaar is, is Pons langs hom. Geen verduideliking is nodig nie. Alles is glashelder vir die gryserige generaal. Die brandkluis se deur is afgebrand, blykbaar met 'n gasvlamapparaat. Die brandkluis het nog alles in behalwe die Sabel van Doetra.

Generaal Zelle sug. ,,Dit is 'n ramp,'' sê hy. ,,Dit is 'n tragedie. Ek

van die Doelak-volk. Hy ken die geskiedenis so goed. Eers was dit haar suster El Karime, die vrou wat toe gesterf het onder die hand van die Franse Vreemdelegioen in die woestyn.

Die generaal wonder of madame Bonnet nog haar jeugdige skoonheid het en of sy al verouder het deur die jare van haat, want sy haat die Vreemdelegioen seker meer as enige ander mens op aarde. Hy wonder wat sy in die mou voer. En hy wonder wie verantwoordelik is vir die verwydering van die Sabel van Doetra.

Die sabel word vir hom meteens soos 'n vlam wat oor die aarde getrek word en wat alles in sy omgewing aan brand steek.

Eindelik draai die generaal voor die kaart om en gaan terug na sy stoel. Hy gaan daar sit en ontbied sy ordonnans. Toe die jong man binnekom, klap 'n bevel uit generaal Zelle.

„Ek wil 'n spesiale boodskapper na Noord-Afrika stuur. Kry vir my onmiddellik een in die hande. Dit is dringend."

En nog dieselfde dag vertrek 'n geheime militêre boodskapper per vliegtuig uit Parys na Algiers. Hy dra 'n persoonlike boodskap van generaal Zelle aan 'n klein donker intense mannetjie agter 'n groot lessenaar van die hoofkwartier van die Franse Vreemdelegioen.

Hy maak sy tas oop, haal die boodskap uit en lê dit voor die kort mannetjie neer.

Generaal Laval, opperbevelhebber van die Franse Vreemdelegioen, maak die dokument versigtig oop en kyk belangstellend daarna. Dit is lank gelede dat hy laas 'n spesiale boodskap per boodskapper uit Parys ontvang het.

Die boodskap is kort en kragtig, maar vir Laval is dit vol donker betekenis.

Al wat daar staan, is:

Sabel van Doetra uit die Oorlogsministerie gesteel. Sorg dat alle garnisoene op volle sterkte is. Sorg dat alle forte ten volle bewapen is. Zelle, Generaal.

Laval se blas gesig is bleek en die sweet bars op sy voorkop uit toe hy die bevel toevou en die boodskapper vra om die kantoor te verlaat.

Binne die volgende uur is die duiwel in die Sahara los. Net soos dit deur die hele Frankryk los is. Radioboodskappe word kruis en dwars gestuur na die vestings van die Vreemdelegioen in die Sahara.

'n Boodskap word gestuur tot in die verste, mees afgeleë vesting in die sandwoestyn. Die boodskap is ook kort en kragtig.

Sorg dat die garnisoen op volle sterkte is en oorlogsgereed ten alle tye—Laval, Generaal.

Die bevelvoerders van die verskillende vestings ontvang die boodskap met verstomming. Hulle weet niks meer nie. Hulle weet nie wat die rede is nie. Al wat hulle weet, is dat hulle garnisoene op volle sterkte en oorlogsgereed moet wees.

Laval dwaal in sy kantoor rond en hy skiet bevele uit aan lede van sy staf wat daar vergader is. „Binne die volgende twaalf uur moet alles gereed





wees. Elke vesting moet op volle sterkte wees en op oorlogsgrondslag. Alle wagte moet verdubbel word by alle forte. Alle patrollies moet onmiddellik teruggeroep word. Waar versterkings nodig is, moet versterkings gestuur word. Is dit duidelik?"

En van uit Parys is kolonel Dubois besig om die hele land te fynkam. Hy het ook sy organisasie in Noord-Afrika aan die gang gesit. Dit dreun en woel om die Sabel van Doetra te vind. Maar niemand weet waar dit is of deur wie dit gedra word nie. Al wat hulle weet, is dat die ganse Arabierse volk in Noord-Afrika sit en wag dat die Sabel van Doetra moet opdaag.

In 'n Arabierse kabaret-eetplek in Algiers sit vyf man wat salig onbewus is van al die bedrywigheid deur Frankryk en Noord-Afrika. Hulle is in 'n vrolike stemming want hulle is op verlof. En wanneer 'n man van die Franse Vreemdelegioen die geleentheid kry om weg te kom uit die hitte, die vlieë en die eensaamheid van die Sahara na die helder ligte en die vroue en die see van Algiers dan dink hulle nie aan gevaar of aan oorlog of selfs aan hul makkers wat in die forte van die Vreemdelegioen agtergebly het nie. By sulke geleenthede leef hulle net vir hulle self. Hulle probeer al die genot uit elke oomblik put.

Hierdie vyf om die ronde tafel in die Arabierse kabaretplek is vrolik verby. Hulle het al lekker weggeslaan aan die soet Arabierse wyn en hulle sit hulle en vergaap aan die voortreflike skoonhede wat elke keer met die mees uitlokkende dansvertonings op die klein verhoog verskyn. Een van hulle is die man aan wie generaal Zelle vroeër vandag gedink het toe hy voor die muurkaart in sy kantoor gestaan het. Sy naam is Teuns Stegmann en hy is een van die bekendste en seker ook een van die beroemdste lede van die Franse Vreemdelegioen.

Gewoonlik is Stegmann 'n serieuse man, maar vanaand gee hy hom ook oor aan die vrolikheid van sy makkers—die groot, logge, kragtige Duitser, Fritz Mundt; Podolski, die Pool; Jack Ritchie die Engelsman, en die klein blas Petacci, die Italianer. Alles wat hulle vyf doen, doen hulle saam. Hulle het omtrent saam-saam by die Vreemdelegioen aangesluit en sedertdien was hulle feitlik nog nooit geskei nie. Hulle is saam in gevaar, hulle is saam in eensaamheid en hulle is saam in vrolikheid. En vir hulle is daar 'n aangename vooruitsig. Hierdie is maar die tweede dag van hul verlof. Hulle geniet met volle teue daarvan en hulle sien uit na die heerlike tyd wat nog voor hulle lê.

Die vyf sit naby die verhoog sodat hulle mooi kan sien. Daar is veral die een danseres wat hulle die oë laat rek en hulle laat wens dat hulle nie in die Vreemdelegioen was nie. Sy is lank en so soepel soos 'n wilgerloot. Haar liggaam swaai met 'n vreemde uittartende ritme. Haar vel is soos olyf en haar swart oë skitter. Haar raafswart hare reik tot op haar skouers, en die swaai van haar heupe is sensueel en tegelyk kunstig. En wanneer sy daardie trotse kop swaai, voel elke man wat daar sit, iets in sy bloed roer.

„Sy kyk vir jou, Stegmann," spot Petacci toe sy weer 'n slag tot voor op die verhoog dans.

„Ja," sê Jack Ritchie oor sy kort sigaartjie, „ek dink sy het 'n oog op

jou, Stegmann. Sy bly na jou kyk."

Teuns bloos van skugterheid. „Moenie vir julle uit jul pad hou nie, manne," se hy. „Sy kyk na ons almal. Ek dink sy kyk veral na Fritz."

„Dit is waar," kom dit van die groot Duitser, „ek het minstens persoonlikheid. Niemand sal na een van julle kyk waar ek teenwoordig is nie."

Maar hoewel hulle daaroor sit en jil, het hulle tog almal die indruk dat sy wel af en toe na Teuns loer. En eenmaal toe hy na haar kyk, verbeel Teuns hom selfs dat sy vir hom geglimlag het.

Sy is geen Arabier nie. Dit kan hulle sien. Sy het Franse bloed net so seker as wat sy begeerlik is. En sy is seker 'n wilde, hartstogtelike nooi.

Op 'n ingewing lig Teuns Stegmann sy glas en stoot dit na haar toe uit. Toe bring hy dit terug en drink aan sy wyn. Hy sien haar glimlag— 'n vinnige uitdagende glimlag. Toe verdiep sy haar weer in die dans, in die wilde ritme van haar liggaam.

Teuns kan nie onthou dat hy al ooit 'n vrou soos die gesien het nie. Haar liggaam is soos 'n beeld en in haar oë is daar iets wat hy nie kan begryp nie. Sulke welige swart hare het hy nog nie tevore gesien nie en haar tande is so wit soos hael.

Hy is gewoonlik 'n kalm man, maar hierdie nooi maak sy bloed warm.

„As ek haar een aand kan uitneem," sê Petacci, „kan hulle my die volgende môre maar doodskiet, dan sal die lewe vir my die moeite werd gewees het."

„Petacci, die ewige optimis," sê Jack Ritchie neerhalend.

En toe gebeur daar iets wat nie een van hulle verwag het nie. Die meisie swaai met gemak en grasie van die klein verhoog af, en op die ritme van die musiek swaai sy na hulle toe totdat sy hier by Teuns is. Sy ruk 'n rooi blom uit haar hare en sy druk dit teen sy gesig. Toe leun sy meteens vooroor en sy fluister teen sy oor. „Moenie weggaan wanneer ek klaar is nie, mon ami. Ek wil jou graag leer ken. Jy het vir my die mooiste oë."

En toe, met die glimlag van 'n koket en met die grasie van 'n wildsbok, swaai sy van hulle af weg, draai terug na die verhoog en sit haar dansvertoning voort.

Teuns kyk verbysterd na haar. Hierdie gebaar van haar het hom heeltemal oorweldig. Hy kan dit nie glo nie.

Die ander leun almal na hom toe oor. Hul monde hang oop en hul oë is aandagtig op hom gerig. Hy word daarvan verleë en hy bloos.

„Kom, kom, mon ami," sê Fritz, „wat het sy vir jou gesê?"

„Kêrels," sê Teuns met 'n verleë laggie, „ek het 'n afspraak vir die aand. Ek ken julle nie. Julle is gewone Legionnaires, maar ek is 'n bevoorregte man."

„Jou gelukkige hond," sê Petacci. „Jou gelukkige, geseënde hond."

„Sal jy ons later 'n bietjie vertel?" vra Podolski. „Of sy vurig is, of koud is, wat haar naam is; wat die taal is wat haar lippe praat!"

„Ek sal vertel," sê Teuns wat self nog nie kan begryp dat dit met hom gebeur het nie, want sy is die voortreflikste vrou wat hy nog ooit gesien





het. En hy is maar 'n gewone legioensoldaat; seker aantrekliker as die meeste, maar hy is nie 'n offisier of 'n belangrike man nie. Hy is maar 'n manskap, 'n Legionnaire, en hier kom sy na hom toe en sy fluister in sy oor dat sy hom graag wil leer ken; dat hy nie moet weggaan nie.

Hy word so opgewonde dat hy kortasem is. En toe, meteens is dit die einde van haar dans. Sy draai nog een maal en sy glimlag direk vir Teuns. Toe bring sy haar slanke bruin vingers na haar rooi lippe toe en sy gooi vir hom 'n soen. Hy staan vinnig op en buig, en toe hy opkyk, het sy van die verhoog af verdwyn.

Hulle klap lank en aanhoudend. Hulle roep om 'n toegif. Maar sy maak nie weer haar verskyning nie.

En dit is toe die toejuiging bedaar, dat die vyf wat die verhoog stip dopgehou het om te sien of sy hulle nie weer wil begunstig nie, daarvan bewus word dat hulle nie meer alleen by die tafel is nie. Teuns sien hom eerste en hy skrik half. Dit is 'n kort, fris kêrel en hy dra die uniform van die Franse militêre polisie.

„Legionnaires," sê die kêrel op perfekte Frans, „dit spyt my innig om jul plesier te bederf. Ek kom julle net meedeel dat alle militêre verlof ingetrek is. Alle Legionnaires van vestings in die Sahara moet môreoggend om sewe-uur by die lughawe rapporteer."

„Wat praat jy nou?" vra Fritz sonder enige eerbied op sy gebroke Frans. „Ons is op verlof, man. Ons kom van Dini Salam en ons is van plan om hier te bly totdat ons verlof verstryk is. Ons het skaars begin."

„Legionnaire," sê die polisieman styf en formeel, „wat ek jou meedeel, is 'n direkte bevel van generaal Laval, opperbevelhebber van die Franse Vreemdelegioen. Alle manskappe van forte in die Sahara sal môreoggend om sewe-uur op die lughawe van Algiers rapporteer. Is dit vir al die Legionnaires duidelik?"

„Meer as duidelik," sê Teuns. „Hoe weet ons jy is 'n militêre konstabel? Vir al wat ons weet, wil jy ons 'n poets bak."

Die militêre konstabel steek sy hand in sy binnesak en hy haal 'n dokument uit wat sy identiteit bevestig.

„Tevrede, Legionnaire?" vra hy.

„Tevrede," sê Teuns sonder om na die man te kyk. En dit voel vir hom asof sy hart in sy skoene val. Die man klap sy hakke, salueer en stap na die volgende tafel waar 'n paar Legionnaires sit wat reeds onraad bemerk het.

„Nou praat ek nie nog 'n woord nie," sê Jack Ritchie. „Dit is nou vir jou 'n mooi spektakel. Ons het nog skaars begin vakansie hou en nou word ons teruggeroep."

„Maar wat die duiwel," sê Fritz, „wat kan die rede wees?"

„Die rede," sê Teuns en sug, „is seker die ou volkie wat genoem word die Arabiere. Al van hulle gehoor, Fritz Mundt?"

Toe swyg hulle en elkeen probeer die teleurstelling en ontnugtering baasraak.

## VIER BESOEKERS

In die Arabierse kabaretplek in Algiers het 'n nuwe danseres op die verhoog verskyn. Sy is self nie onaantreklik nie en sy swaai haar liggaam byna met dieselfde grasie as haar voorganger. Maar die Legioenmanne in die plek het geen erg aan haar meer nie. Die rede lê voor die hand. 'n Paar militêre polisiemanne het al die tafels besoek waar Legioennaires ontspan en drink. Aan almal is die verstommende boodskap gegee dat hul vakansie beëindig is en dat hulle môreoggend moet terug na hulle onderskeie forte.

Die teleurstelling en verbasing het selfs die pragtige donker nooi tydelik uit Teuns se gedagtes verdryf. Hy en die ander praat ywerig en opgewonde oor die bevel wat hulle ontvang het. Hulle kan nie begryp wat die rede is nie. So ver hulle weet, is daar geen dreigende opstand onder die Arabiere nie. Alles is, so ver hulle weet, kalm en rustig, anders sou aan hulle nie verlof toegestaan gewees het nie. Veral nie aan hulle wat op die oomblik in Dini Salam gestasioneer is nie. Dini Salam is immers die sentrale garnisoenfort in die suidelike Sahara en die bevelvoerder daar, kolonel Le Clerq, is seker een van die versigtigste aanvoerders in die hele Sahara. Veral sal hy dit nie waag om aan sy manne verlof te gee as daar die geringste aanduiding is van moeilikheid met die Arabiere nie.

En terwyl hulle so sit, begin die gerugte rondvlieg. Stories kry stertjies aan en allerhande goed word vertel. Van die ander manne kom na hulle toe oor. ,,Het julle gehoor?" sê die een. ,,Alle Forte het bevel om op volle oorlogsterkte te wees. Alle verlof is gekanselleer. Alle patrollies is teruggetrek uit die woestyn."

Dit veroorsaak by Teuns en sy makkers 'n vreemde gewaarwording. Sou iets groters aan die gang wees as wat hulle besef? Hulle word onrustig daar aan die tafel. Hulle loer om hulle heen en hulle kyk na die Arabiere wat daar sit. Die Arabiere sit baie stil en hul oë is uitdrukkingloos. Sou hulle weet wat aan die gang is?

,,Wel," kerels," sê Teuns eindelik, ,,dit is dan die einde van die droom, nie waar nie?"

,,Ek sal wat wil gee om te weet wat aan die gang is," sê Podolski. ,,Daar moet 'n groot skroef los wees anders sal hulle nie ons verlof so goedsmoeds kanselleer nie."

,,En wat van jou afspraak, mon ami?" vra Jack Ritchie vir Teuns.

,,Wel," sê die lang Suid-Afrikaner, ,,ons verlof is nou wel beëindig, maar ons het darem nog die hele nag voor ons, nie waar nie? Waarom nie daarvan gebruik maak nie? Toe maar, Jack," sê Teuns, ,,dit is nog nie die einde van die wêreld nie."

,,Vir my is dit amper die einde van die wêreld," sê Fritz Mundt. ,,Ek is siek en sat van Dini Salam. Ek is siek en sat van hitte en sweet en vlieë, van driloefeninge en patrolliewerk en op en neer stap op die borswerings. Hoor julle my—ek is siek en sat!"





Die Duitser praat met soveel verbittering en hy praat so hard dat Teuns weer sy hand weerhoudend na hom toe uitstrek. ,,Stadig oor die klippe, ou grote," sê hy. ,,Onthou, Arabiere het lang ore."

,,Ek gee nie 'n hel om of hulle lang ore het nie," sê Fritz. ,,Ek sê julle hierdie is 'n skande. Seker weer die een of ander gerug; seker weer 'n wolhaarstorie wat heel moontlik nog deur die Arabiere aan die gang gesit is en nou moet ons verlof beëindig word. Ek is sommer lus en dros. Ek is sommer lus en spring op 'n skip en kyk waar ek uitkom."

,,Aha," sê Petacci, ,,ons het 'n muiter in ons midde. En wie is dit? Die groot Fritz Mundt, die man wat die reputasie het dat hy die sterkste man in die Franse Vreemdelegioen is. Hy wil dros."

Fritz slaan met sy groot hand 'n wilde hou na Petacci maar die rats Italianer koes betyds.

,,Julle gedrag, moet ek sê," merk Podolski op, ,,is nie baie voorbeeldig nie. Dros as jy wil dros, Fritz Mundt, maar moenie 'n spektakel van jou maak hier voor ander mense nie."

Teuns kyk na sy ou makker wat al soveel saam met hom deurgemaak het en daar kom 'n bewoë gevoel in hom. Die gevoelens wat Fritz Mundt nou net uitgespreek het, is die gevoelens van hulle almal. Die hele jaar hunker hulle na hierdie tydjie wanneer hulle weer met die beskawing in aanraking sal kom, wanneer hulle elke oggend so laat kan slaap as hulle wil en so veel kan eet as hulle wil, en kan eet wat hulle wil. Die tydjie wat hulle in die son kan lê langs die see, wanneer hulle weer 'n slag na ander gesigte kan kyk, ander stemme kan hoor, veral weer 'n keer vroumense kan sien. Hulle almal leef vir hierdie kort verposing by die see in Algiers, en nou is dit vir hulle so wreed beëindig. Dis genoeg om die gelykmoedigste man in die harnas te jaag, om hulle in opstand te bring soos dit nou net met Fritz Mundt gebeur het.

Maar Teuns bekommer hom nie oor Fritz se uitbarsting nie. Hy weet dat Fritz Mundt seker die laaste man sal wees wat uit die Franse Vreemdelegioen sal dros. Fritz is 'n soldaat in murg en been.

,,Nou wel," sê Jack Ritchie om die spanning te breek, ,,dit lyk my daardie aster het jou maar net 'n blommetjie aan die neus gehang, Teuns. Dit lyk my nie sy is van plan om saam met jou uit te gaan nie."

,,Waarom sê jy dit?" vra Teuns.

,,Nou waar is sy?" vra Petacci. ,,Waarom kom sy nie?"

,,Liewe Italianer," sê Teuns en hy vryf Petacci se hare deurmekaar, ,,heel moontlik het sy nog nie eens klaar gedans nie. Die aand is nog jonk, my liewe man. Bes moontlik het sy nog 'n nommer. Ek is geduldig. Ek sal wag totdat hierdie plek toemaak, as dit nodig is. Dink jy nie dit is die moeite werd om op te offer vir haar nie?"

,,Vir haar," sê Petacci, met 'n veraf uitdrukking in sy oë, ,,sal ek al die slange in die Amazonevallei gaan doodmaak. Vir haar sal ek deur die vuur loop. Vir haar sal ek my slagare afsny.

,,Petacci, jy verveel my," sê Podolski. Toe korswel hulle om die teleurstelling te verberg. Hulle kan dit maar nie kleinkry dat alles so vinnig vir

hulle beëindig is nie.

Hulle kyk skaars na die nooi wat nou op die verhoog is. Wanneer 'n man haar voorganger gesien het, dan kyk jy nie graag na iemand anders nie. Selfs al is jy nie baie kieskeurig nie. . .

Toe sy haar verskyning maak, is hulle almal verstom. Dit gebeur onverwags en sensasioneel. Sy het by 'n deur uitgekom langs die klein verhoog en sy kom om die ronde verhoog gestap. Almal wat daar is, vergeet van die nooientjie wat besig is met haar uitvoering en hulle gaan almal aan die hande klap. Hulle juig haar toe, nie net ter wille van haar voortreflike dansvertoning nie maar ook ter wille van haar vleklose skoonheid.

Haar liggaam is nou nie meer ontbloot soos dit op die verhoog was nie. Sy het nou 'n nousluitende, spierwit tabberd aan wat 'n pragtige kontras vorm met haar swart hoof en haar bruin vel. Haar hare is nie meer los nie. Hulle is nou netjies teruggekam, in 'n glansende rol agter haar kop vasgevang.

Teuns hulle klap ook hande en hulle staan onmiddellik op toe sy haar verskyning maak. Op die oomblik dink hy dat sy nie na hom toe gaan kom nie. Hy verbeel hom dat sy gaan verbystap na die deur. Hy word yskoud toe sy tussen die tafels deurswaai na hulle toe, en toe hy hom weer kom kry, staan sy voor hom, haar donker oë vonkelend, haar wange diep gekeep van die glimlag. Haar skoonheid is nog meer volmaak as wat hy op 'n afstand gemeen het. Haar vel is glad en sag. Haar mond is dun en gevoelig en sy het die pragtigste neus wat Teuns nog gesien het.

Hulle bewonder haar met oop monde en Petacci kyk veral na haar boesem. Fritz Mundt staar weer na die reguit skeiding in haar hare.

,,Mademoiselle,'' sê Teuns eindelik, buig ewe sjarmant en steek sy hand uit. Sy groet hom en hy bring haar hand na sy lippe. Daar gaan 'n trilling deur hom by die sagte aanraking van haar vel.

Die ander groet haar en Teuns bring vir haar 'n stoel nader.

Toe stel hy hulle bekend. ,,Ek is Teuns Stegmann,'' sê hy, ,,'n Suid-Afrikaner. Hierdie is my goeie vriend Fritz Mundt. Hierdie is Petacci, 'n Italianer, en daar sit Podolski die Pool tussen ons. En hierdie een het jy seker geraai, mademoiselle. Hy is Jack Ritchie die Engelsman.''

Sy glimlag vir hulle en knik elke keer. Teuns wonder of hy hom dit verbeel, maar het hy iets in haar oë sien flikker toe hy gesê het dat hy Teuns Stegmann is? Nee hy verbeel hom dit seker maar. Dit was vir hom publiek asof daar iets in haar oë gekom het toe hy sy naam uitspreek. Iets diep en broeiend wat selfs haar glimlag nie kon bedek nie.

Maar sy lag en gesels nou so vrolik en sy gee so veel sjarmante aandag aan hom dat hy tot die gevolgtrekking kom dat hy maar net gesigte sien en drome droom.

,,Wat sal jy drink, mademoiselle?'' vra Fritz ewe ridderlik.

,,Kan ek 'n konjak kry?'' vra sy.

Fritz klap sy vingers vir 'n bediende en hulle almal voel asof hierdie 'n kermis is. Hulle voel nie dat sy aan Teuns behoort vanaand nie. Sy behoort





aan hulle almal.

,,Mag ek u felisiteer met u pragtige dans?'' vra Jack.

,,Het julle daarvan gehou, mes amis?''

,,Dit was uitnemend,'' antwoord Podolski. ,,Die mooiste wat ek nog gesien het en, glo my mademoiselle, ek het al baie dansvertonings in my lewe gesien.''

,,Ek is dankbaar,'' sê sy met haar kop skeef en sy kyk betekenisvol na Teuns. ,,Ek is dankbaar dat julle dit geniet het, mes amis. Dit is per slot van rekening die doel van ons vertoning om julle genoeë te verskaf.''

,,Vergewe my,'' sê Teuns, ,,maar ons weet nog nie wie u is nie? Miskien is ons baie onkundig. U moet ons vergewe. Ons is natuurlik heeltemal afgesny van die beskawing. U sien, ons kom uit Dini Salam, ver in die Sahara.

Sy lag en haar lag klink suiwer soos 'n klokkie. Sy buig haar mooi kop agteroor, en Teuns kyk na die pragtige glans van haar keel.

,,Vergewe my,'' sê sy, ,,ek het gemeen dat almal weet wie ek is. Noem my maar Lola.''

,,Lola,'' sê Petacci agterna. ,,Wat 'n heerlike naam. Mademoiselle Lola.''

,,Jy is baie vermaaklik,'' sê sy vir Petacci en sy lag so hartlik dat hulle almal saam met haar aan die lag gaan. Dit is 'n vry en heerlike oomblik wat hulle selfs die vooruitsig laat vergeet dat hierdie vir hulle die laaste aand is. Haar teenwoordigheid inspireer hulle en die heerlike geur van haar parfuum prikkel hulle. Hulle is meteens ander manne. Wanneer laas was een van hulle in die geselskap van 'n vorstin soos hierdie!

Hulle bring vir haar konjak en sy drink fyntjies daaraan.

,,En toe,'' sê Lola, ,,gaan julle nog 'n ruk in Algiers bly, mes amis?''

,,Ons het nou net treurige nuus ontvang,'' sê Fritz. ,,Ons is teruggeroep.''

,,Teruggeroep?'' Sy sit haar glas hard neer sodat die konjak oor die kant spat.

,,Teruggeroep? Waarom?''

,,Dit is wat ons graag wil weet,'' sê Jack Ritchie. ,,Ons moet môreoggend om seweuur vertrek. Ons hou nog skaars twee dae vakansie.''

,,'n Opstand miskien?'' Sy stel die vraag soos 'n kind. Maar Teuns sien dat haar gesig opmerklik verander het. Hy sien hoedat die kleur van haar wange verdwyn en hoedat sy sigbaar bleek word.

,,Die gode weet,'' sê Podolski. ,,Daar moet 'n goeie rede wees anders sou hulle nie ons verlof beëindig nie.''

,,Hoe ongelukkig,'' sê Lola. ,,Dit moet vir julle 'n groot teleurstelling wees.'' Sy draai na Teuns. ,,Waarom so swygsaam, mon ami?''

Dit ruk hom uit sy mymering. Uit sy twyfel. Hy het reeds besluit. Vir hom is sy onweerstaanbaar, wat ook al sy bedenkinge mag wees. Miskien is hy sommer verspot, maar hy het al soveel verhale gehoor van skoonhede wat manne uit drinkplekke en uit vermaaklikheidsplekke weglok.

Sy suig weer aan haar konjak. ,,Is dit die geval met al die Legionnaires?''